

# KI-DEO NUUSBRIEF

10 years  
and growing stronger

## Ons gaan Kaap toe!!!

Elke jaar hou ons 'n fondsinsameling om ons kinders met 'n vakansie te kan neem. Vir baie van hulle is dit die enigste keer wat hulle bietjie weggaan in 'n jaar met vakansie. Dit is maar altyd 'n uitdaging want ons kan nie aan Ki-Deo se fondse raak nie en moet alles self insamel. Die dag wat ons die kinderhuis begin het, was dit een van my ideale om vir ons kinders 'n beter lewe en geleentheid te kan gee. Hierdie kinders het nooit hierdie tipe van blootstellings gehad nie en was hul wêreldjies maar klein en het dit maar meer gegaan om te survive, om ten minste kos te kan hê! Ons wil dus 'n nuwe wêreld vir hulle hierdeur oopmaak en memories gee om altyd te kan koester! Ek glo werklik dat die Here ons ook wil seën met die lekker in die lewe en dat alles nie net altyd oor oorlewing moet gaan nie. My kinders se hartewens was om die Kaap te gaan besigtig en die dinge te gaan sien waarvan hulle nog net geleer het! Ek het begin met die beplanning van 'n **Opvoedkundige Toer** in my agterkop, maar moes begin van die jaar die besluit maak of ons aangaan of nie! Finansiële uitdagings is altyd baie en hoe vorder jy geld in as daar soveel ander uitdagings is? Ek het half skuldig gevoel want so 'n toer is baie geld en het dit sterk oorweeg om eerder die toer te kanselleer, maar die Here het werklik net begin om te voorsien en kon ek nie anders as om voort te gaan met die reëlings nie! Ek vertrou die Here dus vir die res en alles wat ons nodig het, want as Hy tot dusver soveel deure oopgemaak en voorsien het, weet ek dat ek die res ook in Sy hande kan plaas en weet dat Hy sal voorsien!

***Wat is geloof? Geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van dinge wat ons nie sien nie.***

Ons staan dus vas in die geloof en weet dat Jesus sal voorsien!

Die grootste uitdaging is dat ons 'n bussie benodig om almal in die Kaap te kan kry. Ons Vito is te klein en het dit regtig 'n probleem geword om almal ingepas te kry in die Vito, hulle word nou almal mooi groot!

Ons neem ook ons twee Tukkies student saam op die toer, want hulle bly mos maar deel van die huis en benodig huidiglik nog die volgende:

1. **Quantum bussie**
2. **T-hemde** wat ons wil laat print om te dra gedurende die toer. Kwotasie per T-hemp met printing daarop is R70. Ons wil graag vir elke kind ongeveer 7 koop wat dan R490 per kind is en beloop R6 370 vir almal s'n. Indien enigiemand dalk 'n kind se T-hempies wil sponser of dalk 'n gedeelte of die hele bedrag wil sponser, sal dit awesome wees!
3. Benodig ook vir elkeen 'n lekker **warm baadjie (windbreaker)** vir die lekker koue Kaapse weer (Junie/Julie)! Het nog nie kwotasies nie as iemand dalk weet waar ek kan aankoop, of dit wil sponser asb?
4. **Rugsakkies: 12**
5. Die bedrag uitstaande om die toer moontlik te maak is **R40 000**. Indien enigiemand hier wil bydrae, sal dit so waardeer word. Onthou dat ons die nodige NPO sertifikaat asook BEE sertifikaat (82%) het.

Bid en vertrou saam met ons dat Jesus in mense se harte sal werk en dat die toer 'n realiteit sal word. Die grootste bekommernis op die oomblik is die vervoer, maar daar het ek die geloof soos 'n kindjie, glo ek dat die Here bonatuurlik sal voorsien! Hy het ons nog nooit teleurgestel nie en sal ook nie nou nie!

### Kontakbesonderhede:

**Tel: 012 644-2524**  
**Sel: 083 696 8600**  
**E-pos: theresag@ki-deo.co.za**  
**www.ki-deo.co.za**

GAAN LIKE ONS ASB OP FACEBOOK EN VERTEL JOU VRIENDE VAN ONS!

### Belangrike Nommers:

**NPO reg no.: 000-762**  
**WO no.: 11 02 0059**  
**PBO.: 18/11/13/1456**

*Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!*

**Faith is to believe what we do not see; and the reward of this faith is to see what we believe!**  
**Indien enigeen finansiël wil**



**bydrae, is ons bankbesonderhede soos volg:**

**ABSA: Rek no.: 10500 40654**  
**Verw.: MSK-KH Toer**  
**E-pos bewys na: theresag@ki-deo.co.za**

## Help ons asseblief met die volgende kruideniersware op 'n maandelikse basis:

Suiker  
Koffie (Ricoffy)  
Tee (Rooibos)  
Pasta  
Rys  
Two-Minute-Noodles  
Tamatie- en Uiesmoor  
Tamatiepuree  
Speserye  
Sout en Peper  
Geblikte ertjies  
Baked Beans  
Sweetcorn  
Tuna  
Bully Beef  
Oats  
Kitspappe  
Margarine  
Peanut botter  
Stroop  
Bovril  
Kaassmeer  
Konfyt  
Aanmaak koeldrank  
Mayonnaise  
All Gold Tamatiesous  
Chutney  
Sweet Chilli Sous  
Skoonmaakprodukte:  
Handy Andy  
Domestos  
Mr Min  
Mr Muscle  
Toilet Duck  
Jeyes Bloo blokkies  
Jeyes Fluid  
Skottelgoedwasser seep  
Swart sakke  
Swart skoenpolitoer  
Skuursponsies  
Staalwol  
Waslappies  
Afdrooglappe  
Eiers  
Melk  
Kaas  
Weense Worsies  
Sousboontjies  
Beet  
Vars groente of gevriesde groente  
Kaas  
Vrugte  
Koekies en Lekkers

## Familie

Familie is baie belangrik vir ons kinders, alhoewel die meeste van my kinders glad nie kontak het met biologiese familie nie, is dit maar altyd 'n verlange.

Die een spesifieke dogter se twee boeties en sussie is middel verlede jaar verwyder en is aldrie by verskillende mense geplaas.

Haar hartjie was maar baie seer daaroor en was sy baie bekommerd oor hulle en het ek vir haar gesê dat ons hulle eers tyd moet gee om aan te pas, dan sal ek probeer uitvind waar hulle is sodat sy darem op 'n stadium bietjie saam met hulle kan kuier.

Dinsdagoggend ontvang ek 'n oproep van die sussie se maatskaplike werker wat toe vertel dat die sussie baie gelukkig is by haar nuwe pleegouers en dat dit regtig baie goed gaan maar dat die sussie vreeslik baie verlang na die dogter by ons. Net daarna het die pleegpappa my gekontak en het hy vertel hoe goed die sussie vorder en dat dit regtig baie goed gaan met haar, dat sy 'n ander kind is en werklik gelukkig.

Hy vertel my toe ook dat die sussie baie graag met die dogter by ons wil kom kuier en of ons dalk kan reël dat

hulle een Saterdag kan kom kuier. Ons maak toe 'n datum vas en weet ek dat die dogter by ons vreeslik opgewonde hieroor sal wees!

Die middag na skool vertel ek toe aan haar dat ek vir haar 'n verrassing het en vertel haar toe dat die sussie se pleegpappa my gekontak het en dat dit baie goed gaan met haar sussie, dat sy verlang en graag wil kom kuier en vertel ek toe dat ons gereël het dat hulle kan kom kuier!

Hierdie kind gesig en die spontane uitbars in trane so tussen 'n glimlag deur, het my in trane gehad!

Sy is so opgewonde om weer haar sussie te kan sien en sal ons ook later reël met die ander ouers sodat sy die twee boeties weer te kan sien.

Sy tel letterlik die dae en ure af en bly praat oor haar sussie, wonder hoe sy nou lyk en of haar hare langer is, het sy darem bietjie gegroei, ens. Die opgewondenheid in hierdie kind het my somer net 'n knop in die keel gegee en is ek so dankbaar vir wonderlike pleegouers wat ook nog familie hoog ag en die moeite doen om die sussie op te spoor en moeite in te sit om die gesin betrokke bymekaar te hou!

## Tukkies studente



**Ons twee meisie-kindere het goed ingeskakel by die studentelewe en geniet dit vreeslik baie! Fransisca was Pixie van die week (Zinnia koshuis) en het die twee ookal**

**nuwe vriende gemaak. Die week bou hulle vlot vir Saterdag se jool en verder het hulle darem al so begin raak aan die akademie!**

**Ek is so trots op hulle en is dit wonderlik om 3 kinders op Tukkies te kan hê!**

## Fondsinsameling:

*As daar enigiemand is wat dalk meer kennis het van fondsinsameling en 'n goeie projek kan voorstel en my moontlik daarmee kan help, sal dit baie waardeer word! Bid asb saam met my sodat ons die regte projek sal kies, dat mense en besighede sal inkoop en dat dit 'n sukses sal wees! Dit voel net vir my of daar op die oomblik soveel doodloopstrate is en ek weet nie of die Here hierdeur iets vir my wil sê nie, of dalk is dit wat ek beplan nie reg nie. Sy Heilige Gees leiding is vir my so belangrik en vertrou ek werklik die Here dat Hy ook hier vir my 'n deurbraak sal gee!*

## Ons bid saam:

1. *Dat die Here finansies sal losmaak vir Ki-Deo, dat Hy sal voorsien en dat ons onafhanklik sal staan van die subsidies ontvang omrede dit so wisselvallig is!*
2. *Quantum bussie—groot geloofsaak!*
3. *Maandelikse kruideniersware, dat mense sal inkoop by ons emmerprojek en maandeliks sal bydra!*
4. *Ons kinders wat nog deur soveel issues gaan, dat Jesus stukkende hartjies sal heelmaak en 'n ommekeer in elkeen se lewe sal plaasvind!*
5. *Ons Toer, dat Jesus sal voorsien in alles wat ons nog benodig!*
6. *Ek vra Jesus vir Sy guns en sien oor ons huis en dat Sy Heilige Gees my elke dag sal lei om die regte besluite te maak en dat Hy my sal 1leiding gee in elke situasie!*
7. *Dat ons fondsinsameling in plek sal val en dat ons die nodige fondse sal kan insamel en die Here my die regte mense sal gee om dit 'n sukses te kan maak.*

**FAITH**  
is like Wi-Fi,  
it's invisible but  
it has the power  
to connect you to  
what you need.

CHRISTIANITY . BE